Ges. 1: 1, 2.
Ps. 25: 2.
Ges. 127: 5.

**Die Klop ~~pende~~ op die Deur.** Teks. Suikstr. '43

Op. 3: 20. (14-22) Voorbereid.

Hd. doe die een groot gedagte soek te beklemtoon: die opsoekende liefde v. G teenoor sy afgedwaalde kinders, teenoor 'n hopelose, reddelose wêreld. In aande besig met Gelykenis v.d. Verlore Seun as vb. van hd. liefde. Vm. staan by die Klop op die Deur as die ~~mees~~ onmiskenbare bewys v.d. liefde wat soek om te red.

Joh. gee hier 'n pragtige skildering van die Kloppende Meester. Vooraf beeld v.d. toestand v.d. gemeente van Laodicea: ryk + vrugk, selftevrede, in doodslaap van selfverheffing geval. Na die uitvorm was alles goed + wel: gewerk — nie te veel nie mr. ook nie te min nie; gebid — nie baie ~~ge~~ genoeg mr. ook nie te doods; gedien — nie met baie liefde mr. ook nie met groot onwilligheid ~~niks~~; goed gedoen — net genoeg om goeie indruk te wek mr. nie ~~met groot opoffering mr. ook nie~~ genoeg om ~~groot~~ dit 'n offer ~~te bring~~ aan te maak!

Gedruk alles goed + wel: Oordeel v G: Uit my mond spuug!

Al hd. dinge gsê om hulle wakker te skud: tot besef van hulle toestand te bring: Sien hulle lewes as deur wat toe is + hd. dinge as die Klop op die deur!

Nog altyd Klop die Meester — aan die deur. Vm. vra:

I Waar Klop Hy? Deur — sinnebeeld v. huis

① Die Geslote Deur: Die deur wat op slot + grendel staan — wat alleen van buite kan oopgeskuif word. Dis d. deur wat jou laat onwelkom voel, wat die een buite laat weet: Ek wil jou nie hier hê nie!

Mr. 'n deur is nooit verniet gesluit nie: die → geslote deur verraai een of ander geheim — of dat die mense nie daar, of wel daar

nr. onwillig om oop te maak. Kan baie redes wees: – i) Beskou jouself as verhewe bo die een wat Klop: ii) Beskou jouself as vyand van die een ...; iii) Te besig met jou eie dinge om aandag te gee; iv) Jou huis nie in orde nie – Kan nie waag om d. deur oop te maak nie!

→ Hoe baiekeer staan die M. nie & Klop a. d. deur – en Hy kry geen antwoord nie – niemand kom oopmaak: Verhewe, grief & vyand, te besig, – of alles nie reg? Huis te vuil & verwaarloos? Skaam om oop te maak

→ U hart 'n geslote deur? Kyk Ek staan

② Die verroeste deur: Deur wat in onbruik geraak het, opgeskuiwe, so lank toe gestaan dat d. skarniere verroes het, die klimop dit toegerank het, die stof & sand op trappies versamel het, die slot nie meer kan werk nie! Is d. deur wat die indruk wek van verwaarlosing, verlatenheid, vereensaming! – Eenmaal gebruik – nou nie meer!

→ Hoe baiekeer staan die M. nie te Klop voor so 'n deur: verroes deur onbruik, waar die verlatenheid oor alles geskyne is, waar daar 'n muwwe bedompige reuk in die lug hang & die harte van mense in wie se harte die lig v.d. Evangelie vir jare nie in geskyn het nie, die lig v. G's Gees vir ... nog nooit ingewaai het nie – of miskien eenmaal lank gelede – in kinderdae? Daar loop aan moedersknie, in S.S., in Kinderkrans – nr. nou verroes deur onbruik: Moeste kon nie in- & uitgaan – godsdiens verwaarloos! Is u hart so..?

As dit so is – dan nie regmaak? Nog nie te laat! „Kyk Ek staan ....

③ 'n Gebroke Deur: Ook sulke deure sien ons baiekeer verweer deur son & wind, deur reën & hael: verf af, baste, krom & skeef getrek, Kan nog oopgaan nr. so skaaf-skaaf & stamp-stamp: Gaan ook nie eint. toe nie – bly nr. sommer net so staan! Deurknop reeds blink geskuur deur baie hande?, die drumpel uitgetrap deur baie voete –

Ook voor so 'n deur kan die M. te staan: hulle vir wie d. lewe te veel geword het, hulle wat gebrand & gebreek is deur die storms v.d. tyd, wat nie kon byhou in die stryd om bestaan – Krom getrek deur baie ontberinge & beproewings: Kom Klop aan hulle deure! Godsd. afwanders gelyk – nie kans gekry om d. deur in orde te hou nie – Ek staan en Ek Klop ...."

Is u s'n 'n gebroke deur? – Die M. sal heelmaak

II Wie deur Klop Hy? Baie gedaantes: gewoonlik so onbekend dat ons in hulle nooit herken: J.X! Paar v. hulle noem:

① Onruste buite ons: Onruste wêr., Kerk, land – ontberinge, sonde, ellende, haat, gaos, rewolusie – skynbare oorgegewenheid aan mag v.d. Bose: dis die Klop v. G op die deur! „Laat my in – Ek wil dit anders maak!"

→ Ons ongehoorsaamheid om te luister: wil eie ding deur die lewe rig, eie gange bepaal – wil nie na G luister nie – so lank sal ons ellende ondervind, swaarkry & ly! Sal ons nie die gaos, die deurmekaar-spul van ons tyd sien as die Klop op die deur!

② Onruste by ons: Kan so baie noem: siekte, beproewing, teenslae, mislukkings in die lewe – teleurstellings: Is dit nie almal Klop op d. deur? Hoe reageer ons d/op? Wat maak ons daarvan?

– Nr. daar is ook die behoefte van ons medemens om ons: die arme, die noodduftige, die onbekende, die onselfstandige, die onverantwoordelike: die armoede aan ons deure eie gemeente: die behoefte v.d. gekleurdes – die sielenood & baie lidmate

Is dit nie Klop op ons deur? Is ons nie soms doof & blind vir die ..., die nood, die behoefte? J.X. in vermomming – Sy stem ...

③ Onrus in ons: So baie mense: ongelukkig in eie harte, ontevrede met self & ander, swaarmoedig, liggeraak, bekommerd, bevrees – of haatdraend, verbitterd: iets in hulle lewe, persoon wat gedurige bron v. ongeluk, ellende, smart is vir hulleself & almal rondom hulle! (Soek Beter oorsaak in: werk, gesondheid, vriende, sekere lewensomstandighede – & altyd lê dit diep in hulle eie harte! Beter loskom – Kannie!

Dd. gevoelens. Klop aan hulle harte – bewys: Xt. wil iets kom ☧ – Wat maak ons?

III. Hoe Klop Hy?

① Oopmaak: Bewys mens het gehoor – al wil jy nie d. persoon laat inkom: belefdheid vra tog dit: Ten minste gaan kyk wie is daar. Dis die bewys van ons gewilligheid om te sien: wie is daar? Sy voorkoms, → Dis al wat J. vra: het oopmaak! Dis 'n gas wat sy stem – alles sal 'n oorwinning: die moeite werd is om te hê!

→ ② Ingaan: Mr. J. bly nooit buite staan as d. deur oopgemaak word nie – wil inkom. Kom regmaak, raad gee, huis skep skoonmaak: wil vir u doen wat u self nie kan doen nie!

→ Sal u Hom nie 'n kans gee nie?

③ Maaltyd hou: Daar die eintlike ding: u siel versadig, 'n geluk & vrede gee nog nooit ondervind! Wil die atmosfeer v. 'n huis skep – dis Vaderhuis! Wat gaan u maak?

– Staan stil & Klop by d. deur v.d. wêreld: toe
– Deur v. elke volk: toe
– Deur v. elke gemeente: toe huis, elke hart: Ook toe –
– " " ons gemeente, ons huise, ons harte?

→ Beroemde skilderstuk Op 3:20 Klop – deur toe onder knop. "Waar geen Knop?" Kan net v.d. binnekant oopgemaak word!

Amen.